

17 DESEMBER 2017 *Advent 3*

09:00 Erediens

Peet Crous

☞ Geen Aanddienste tydens die vakansie

24 DESEMBER 2017 *Advent 4*

09:00 Erediens

Peet Crous

25 DESEMBER 2017

09:00 Kersdiens

Peet Crous

31 DESEMBER 2017

09:00 Erediens

Fay van Eeden

Totsiens! Ons kyk terug en groet.

Daar gaan 'n groet-geleentheid wees waartydens 'n kers vir geliefdes wat in die jaar gesterf het aangesteek kan word.

18:00 Oujaarsdiens

Fay van Eeden

Hallo 2018! Ons kyk vorentoe.

7 JANUARIE 2018

09:00 Erediens

Fay van Eeden

09:30 Lynnwood Oord-diens

Johan Jooste



*Ons ry met Jan Tuisbly se karretjie!
 Sommige van ons het 'n nuwe werk
 begin waar dit tans onmoontlik is om
 verlof te neem. Ander moet vanjaar tuis
 bly omdat hulle bepaalde poste oor
 Desember moet beman. En dan kan
 mens natuurlik kies om Pretoria nie oor
 'n Desember te verlaat nie, want
 Gauteng is die rustigheid vanself en die
 gedruis by die kus put mens net uit. Hoe
 dit ook al sy, vir die eredienste van
 vandag, 24 en 25 Desember fokus ons
 'n bietjie op ons tuiste en om te
 bly waar ons is. (sien meer ☞)*

Baie welkom aan alle besoekers en nuwe intrekkeers. Ontmoet gerus die predikant na die oggenddiens by die liturgiese ruimte. Skryf asseblief ook u naam in die boek in die portaal of skakel die kerkkantoor. Ons wil u graag verwelkom. Besoek ook gerus die info-toonbank na die oggenddiens vir enige navrae.

Jakaranda Liggiesfees:

Baie dankie aan almal vir die talle skenkings en ondersteuning – kom kyk gerus gedurende Desember hoe mooi dit lyk en maak 'n draai by ons koffiestalletjie! Navrae: Anneke Doms 082 376 2604.

Oop vir die Oomblik:


'n Jaarkursus in 'n lewe van volbewuste teenwoordigheid, aangebied deur die Sentrum vir Spiritualiteit o.l.v. dr. Willem Nicol en ds. Immanuel van Tonder. Die kursus bestaan daaruit dat jy in 'n groot mate uit jou eie ervaring leer, ook tuis met huiswerk wat ons gee. Die kursus word op Donderdagaande aangebied, een keer per maand: 15 Februarie, 1 Maart, 22 Maart, 19 April, 24 Mei, 21 Junie, 19 Julie, 23 Augustus, 20 September, 25 Oktober, 22 November, plus een Saterdagoggend 24 Februarie. Plek: Kapel van NG Kerk Stellastraat, h/v Stella- en Olivierstraat, Brooklyn.
Inskrywings: stuur 'n e-pos aan finansies@stellastraat.co.za met jou naam en kontak besonderhede.
Koste: R600 vir 12 geleenthede, materiaal ingesluit.
Bankbesonderhede: NG Ring, ABSA, 9328323743.
Verwysing: teenwoordigheid, van, noemnaam.
Finansiële ondersteuning beskikbaar.
Navrae: Immanuel van Tonder 083 540 6015, immanuelvt@gmail.com
of Willem Nicol 083 966 7831, wnicol@mweb.co.za.

CMR Liggies:

Die CMR loods ook 'n projek met die tema: Laat daar lig wees – 'n teken sinoniem met HOOP. Met Kersfees om die draai is die CMR-span ook besig om Kerswense te laat word – raak asseblief hierby betrokke en bring so saam met hulle HOOP en LIG. Belangstellendes kan gerus vir Anja le Cornu 012 460 9272 (x2) skakel. Kyk gerus na hulle mooi banier en liggies by die Sussexlaan ingang.

Dankoffers:

Oorweeg asseblief biddend 'n dankoffer d.m.v. een van die volgende wyses: kovert, aftrek- of debietorder, elektroniese oorplasing NG Lynnwood, ABSA Takkode: 632005, Tjekrekening nr. 540 580 014 (gebruik asseblief u Voorletters en Van as verwysing en e-pos bewys van betaling aan finansies@nglynnwood.co.za of Snap Scan.



Kontak gerus die volgende predikante indien u besoek verlang of bewus is van iemand wat 'n besoek benodig gedurende die Desember vakansie:

- * Peet Crous, 012 348 4004 / 079 893 5572 (tot 26 Desember).
- * Fay van Eeden, 083 478 0854 (vanaf 27 Desember).

Kontak van die week: Met Jan Tuisbly se karretjie ry



Ons hanteer dit op verskillende maniere, om tuis te bly oor die Desember vakansie. Humor is nogal 'n gewilde metode: “Vanjaar doen ons bietjie die tuinroete gedurende die Desember vakansie. Met al die reën wat ons die afgelope tyd beleef het, sny ek met 'n vasgestelde roete gras om die huis.” Groen kiewe geld soms en word gewoonlik ingelei met iets soos die volgende: “Sommige mense gaan al weer op vakansie. Wanneer werk jy vir 'n verandering?” Gelate afwagting is vir ander tuisblyers 'n toepaslike masker: “Toemaar, volgende jaar bly hulle en dan kan ons weer see toe gaan.” Keuse blyk die onwaarskynlike manier te wees, maar tog is daar heelwat mense wat kies om oor Desember tuis te bly en die gedruis by die see te vermy: “Nee wat, ek is nie kwaad vir my eie huis nie. Tussen Kersfees en Nuwejaar is Pretoria 'n heerlike stil plek.”

Tot nou onlangs was die reise wat ons vandag as vanselfsprekend aanvaar ongekend gewees. My ouma aan vaderskant, wat met die “lugskip” vir ons kom kuier het, het as dogtertjie dertig myl van die see grootgeword. Jaarliks het my oupagrootjie glo die ossewa ingespan en dan het hulle drie dae see toe gereis om vir 'n maand langs die see te kamp. Die osse moes iewers langs die pad darem vreet en by suipings uitkom.

Huise in veral die Ou Testament het dikwels 'n binnehof gehad en die dak was plat. Met die plat dak kon mens, soms, reën opvang en die koelte van die vroegaand was op die dak benut. Die dak is met buitetrappes bereik en is ook soms gebruik om kos uit te droog. Vir die koue winters is diere aangewend as verwarmers, die grondvloer is dus die plek waar diere in die nag oorgebly het sodat mense warmer kon slaap. Die vensters was maar klein en die lampies binne in die huis kon versier wees en was van verskillende materiaal gemaak.

Alhoewel die strukture van huise en die gebruike van die bewoners interessant is, is huis tog meer as net strukture en take; dis 'n tuiste. Huise is 'n plek waar kinders grootgemaak en liefgehê word. Huise is plekke waar minnaars 'n sagte lêplek gereed kry na 'n goeie maaltyd. Tuistes is ook plekke waar mense vurig van mekaar kan verskil en selfs op die korttermyn kan afskryf, maar dis ook 'n plek waar vrede kan gedy en koestering kan plaasvind. Huise is daar waar mense jouself kan wees sonder om verwerping te vrees.

T-tyd: Mag die vakansie vir die reisigers begin wanneer hulle die toepaslike voertuie bestyg. Mag die tuisblyers opnuut vreugde in hulle eie plekke vind.

Groete

Peet Crous

(Namens die predikantespan)

Naam _____

Selfoonnommer _____ Landlyn nommer _____

E-posadres _____

Kort beskrywing van Gawe

Terme en Voorwaardes van gawe (bv. X2 mense per week, Maandae)

Handtekening _____

Datum _____

*** Handig asseblief in by die info-toonbank, kerkkantoor of in die mandjie in die portaal.

*** Skakel 065 383 7292 of stuur gerus ook per epos aan helplift@nglynwood.co.za

Gemeenskap 

Motorwagdonasies: Houers in die portaal beskikbaar – dankie vir u ondersteuning.

Byderhand: Kragonderbrekings: 012 339 9111 (080 111 1556 tolvry) of

SMS "power" gevolg deur jou rekeningnommer na 082 612 0333.

Straatligprobleme: 080 111 1556 of e-pos customercare@tshwane.gov.za.

Slaggate en/of robotte uit: e-pos customercare@tshwane.gov.za.

Water probleme: 012 358 2111 of 012 327 0147 of e-pos customercare@tshwane.gov.za.



*Geseënde
Kersfees*

*Aan almal wat met vakansie weggaan – geniet die rus en reis veilig.
Die kerkkantoor sluit op 15 Desember 2017 en open weer DV op
3 Januarie 2018.*

*Die predikante en personeel wens almal 'n Geseënde Kersfees en
'n voorspoedige 2018 toe.*